A.7 TAAKSPAN VIR VROUELIDMATE

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Anso Steyn (Voorsitter) Vrystaat
Mariette van Eeden (O-Voorsitter) Hoëveld
Dobbie Booy (Sekretaresse) Oostelike Sinode
Ankia du Plooÿ (Wes en Suid-Kaapland)
Tania Bezuidenhout (Oos-Kaapland)
Romaria Vivier (Noord-Kaapland)
Annemie Oosthuizen (Kwazulu Natal)
Irma van Rensburg (Goudland)
Sonette Dippenaar (Noordelikes)

2. OPDRAG VAN DIE ALGEMENE SINODE 2015

VROUELESSENAAR (A.21 bl 426 pt 5, Notule Dag 6 pt 8)

5.1 Die Algemene Sinode besluit om die Vrouelessenaar se werksaamhede as ’n kontinue werksaamheid te aanvaar, en versoek sinodes om verteenwoordigers aan te wys wat deel van die netwerk kan vorm.
5.2 Die Vrouelessenaar word versoek om die netwerk van kundiges te koördineer en jaarliks byeen te bring.
5.3 Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar namens die NG Kerk met vroue in ander kerke, die NG Kerkfamilie en vroue-organisasies skakel.
5.4 Die Algemene Sinode keur die Vrouelessenaar se betrokkenheid by die Reformatoriese Christenvroueforum met dank goed.
5.5 Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar ’n Nasionale Vrouekonferensie as ’n vieringsgeleentheid vir die vrouelidmate van die NG Kerk reël en organiseer.

2.1 WAAR KOM ONS VANDAAN?

Die Taakspan Vrouelidmate kom uit n era waar vroue moes beleid skryf vir vroue in die kerk om ingesluit te word in die Kerkorde. Die beleid is geskryf teen die agtergrond van die Kerkorde Artikel 55 (Die dienswerk van gelowiges) Die volgende word aanvaar:

6.1 Bediening aan vroue is (soos met alle ander lidmate) ‘n integrale deel van gemeentebediening waar vroue geïnspireer en bemagtig word sodat hulle, hul roeping en gawes voluit, tot eer van God en tot opbou van die liggaam van Christus, kan uitleef.
6.2 Deur unieke interaksie met die Woord en met mekaar word vroue
- toegerus;
- begelei op die pad van geestelike groei;
- versorg;
- en geleenthede vir diens geskep.

6.3 Die kerk skep en bevorder ’n ruimte vir die uitlewing van vroue se eiesoortige behoeftes en belange, deur aksies, groepe of bedieninge te inisieer, of netwerke en vennootskappe te vorm om spesifieke, geïdentifiseerde behoeftes aan te spreek.

Die “Vrouelessenaar” moes in baie opsigte haar plek as vrou in die kerk verduidelik. Skakeling met vroue in die wye NG kerkfamilie was op die agenda. Die persepsie in die kerk dat vrouelidmate n kerk langs die NG kerk wou bewerkstellig het n negatiewe impak gehad – en het tot gevolg gehad dat die werklike waarde van die vrou se vermoë om take tot uitvoer te bring, en haar leierskap in die kerklike opset, nooit tot volle reg gekom het nie.

Die taakspan Vrouelidmate het met n nuwe aanslag die afgelope vier jaar die bediening van vrouelidmate en die inskakeling met die prioriteite van die NG Kerk en n definiteiwe skuif om as n volwaardige missionale vennoot van die kerk gesien te word begin.

2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

2.2.1 Die taakspan het oor die opdrag van die Algemene Sinode 2015 herbesin en het die prioriteite van die Algemene Sinode en spesifiek die rol van die kerk in die hantering van die armoede, ongelykheid en werkloosheid

as prioriteit gesien ook van die Taakspan Vrouelidmate. Hierdie opdragte aan die verskillende streeksinodes was in een opsig n maklike taak – aangesien dit vroue is wat op grondvlak die dienswerk doen.

Die taakspan het op verskillende vlakke hande gevat met vennote om hierdie prioriteite aan te spreek:

1. **Vroeëkindontwikkeling**
   Die Taakspan vrouelidmate het met die jaarlikse byeeenkoms van die verskillende streeksinodes die verteenwoordigers ingelig oor die hulpmiddels beskikbaar vir die VKO-projekte. Alhoewel kleuterskole in gemeenskappe reeds n gevestigde praktyk is, moes die taakspan met verskillende organisasies in hulle sinode-streke kontak om die hulpbronne, programme en werkswyses te bekom. Terugvoering van vroue-taakspanne in die verskillende streeks-sinodes waar hierdie n gemeenskaps-projek geword het en selfs strek tot buite die grense van die NG Kerk spreek van die manier hoe vroue die uitvoering van die werk op die grond kan laat gebeur. Materiaal wat ontwikkel is vir die VKO-programme word deur die Sindale taakspanne in die streeksinodes aan die gemeentes bekendgestel en beskikbaar gestel. Stories van HOOP word oral oor vertel.

2. **Ongelykheid – Vroue-in-bediening, Gendergeregtigheid-taakspan en die leierskapontwikkeling van vroue in die kerk.**
   Tydens die jaar vergadering van die taakspan is daar in diepe gesprek getree met Dr Carin van Schalkwyk wat die pad van vroue-in bediening met die taakspan gedeel het. Hierdie samekoms het gelei tot gesprekke in veral die Vrystaat, Wes-Kaapland en Noordelike Sinode met die vroue in bediening. Nooit was daar voorheen n oopgesprek tussen die vroue in die kerk en vroue in bediening – en het die taakspan vrouelidmate die volgende aangespreek:
   - Om die hande van die vrouepredikante sterk te maak, in die uitvoering van hulle roeping dmv gereelde gesprekvoering rondom probleme.
   - Om vroue op Kerkrade te vra om spesifiek om te sien na die gemeente se vroue-predikant wat haar regte rondom die diensooreenkoms behels, haar veiligheid as vrou in die gemeente, en die algemene hantering van die vrou in die bediening.
   - Om die kennis en teologiese agtergrond van die predikantvroue te gebruik by vroue-byeenkomste en wanneer geskikte sprekers gevind moet word vir groot vroue-byeenkomste.

   Die Taakspan vrouelidmate het n verteenwoordiger gestuur na die taakspan Gendergeregtigheid, en het saamgewerk aan die verslag wat voor die ASM gedien het.
   Die taakspan Vrouelidmate is dit eens dat vroue n veilige ruimte in die kerk moet beleef sodat sy haar leierskap op n manier kan uitleef sonder om bedreig en minderwaardig te voel.

   Leierskapsontwikkelling is n groot prioriteit van die Taakspan Vrouelidmate, aangesien vroue oor jare heen n agterstand in die kerk ontwikkel het, omdat vroue nooit in leierskapsposisies verkies is nie.
   Die taakspan doen n dringende beroep op die Algemene Sinode om hierdie leierskapontwikkelling aan te spreek.

3. **Die Taakspan vrouelidmate is daartoe verbind om veilige ruimtes in ons gemeentes en gemeenskappe te skep waarin vroue en kinders kan floreer.**
4.
5. **Ons glo dat God alle mense gelykwaardig maak en daarom beywer ons ons om in hierdie ruimtes vroue te bematig deur ons identiteit in Christus te bevestig.**

Die Taakspan Vrouelidmate het sedert die vorige Sinodesitting die rol van ekumeniese- en skakelingsliggaam vervul. Die taakspan word onder andere na ander kerke, vrouekonferensies of -samesprekings genooi waar die geestelike behoeftes van christenvroue spesifiek bespreek word. Met die totstandkoming van die departement vir vrouesake van die suid-afrikaanse regering, is die vrouelessenaar se insette met betrekking tot vroue se behoeftes ook gevra. Die lessenaar is huidig, as gevolg van ’n sterk netwerk, goed ingelig ten opsigte van die behoeftes van vroue in die kerk en kan met gesag oor vrouesake en -tendense gesels.

2.3 WAAROOR IS ONS DANKBAAR, WAAR HET ONS GEVORDER, HOE GEBRUIK DIE HERE REEDS DIE NG KERK?

2.3.1 Die taakspan Vrouelidmate is dankbaar vir die verhale van HOOP tov die projekte in gemeenskappe waar hulpbronne en programme van VKO (Vroeëkindontwikkelling) alreeds geimplementeer is.
2.3.2 In Sinode-streke word verhale vertel van veilige ruimtes waar mishandelde vroue hulle stories kon deel, kon hulp kry en weer die lewe aandurf.

2.3.3 Die taakspan vrouelidmate glo dat vroue in bediening n besonderse roeping het, en dat die vrouepredikante vanuit die vrouelidmate kom, en daarom wil die taakspan vrouelidmate soos “n Moeder” omsien na die vroue in die bediening, en is dit een van die fokuspunte vir die volgende termyn.

3. HET DIE TAAKSPAN VROUEBEDIENING N PLEK IN DIE ALGEMENE SINODE?

Die taakspan Vrouebediening sien haarself in noue samewerking met die verskillende taakspanne van die Algmene Sinode om die fokuspunte van die kerk tot uitvoer te bring. Die taakspan beskik oor n netwerk van kundiges wat op streeksinode vlak beskik oor verskillende netwerke om op gemeentevlak die opdragte en fokuspunte van die Algemene Sinode wat dienswerk behels, te laat gebeur.
Die taakspan is baie bewus van die finansiele impak van onnodige taakspanne, van die logistieke probleme rondom onnodige taakspanne, en is daarom bereid om saam te praat oor n nuwe rigting waar vroue-leiers wat reeds op steeeksinode vlak geidentifiseer is, meer verteenwoordigend en geintegreer haar kundigheid en leierskap kan aanwend in Algemene Sinode verband.